“**oprig**” ook verander, ombou, vergroot of heroprig;

“**pad**”—

(a) ’n nasionale pad, insluitende ’n nasionale pad wat verklaar is ingevolge artikel 40 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998 (Wet 7 van 1998);

(b) ’n pad deur ’n provinsiale owerheid geadministreer;

(c) ’n padreserwe waar die padreserwe breër is as 30 m;

(d) ’n pad wat voorsiening maak vir meer as een verkeersbaan in albei rigtings;

“**perseel**” ’n woonplek, ’n stuk grond, ’n gebou of deel van ’n gebou, ’n tent of enige ander struktuur;

“**persoon**” ook ’n regspersoon en staatsorgaan;

“**plaaslike owerheid**” ’n munisipaliteit soos ingestel kragtens die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998);

“**SANS 10103**” die jongste uitgawe van Standaard Suid-Afrika, publikasie no. 10103, getitel “Die meting en aanslag van omgewingsgeraas met betrekking tot grondgebruik, gesondheid, ergernis en spraakkommunikasie”, soos van tyd tot tyd gewysig of die ooreenstemmende vervanging daarvan;

“**SANS 10117**” die jongste uitgawe van Standaard Suid-Afrika, publikasie no. 10117, getitel “Berekening en voorspelling van vliegtuiggeraas in die omgewing van lughawens vir grondgebruikdoeleindes”, soos van tyd tot tyd gewysig of die ooreenstemmende vervanging daarvan, soos in in SANS 10328 genoem;

“**SANS 10181**” die jongste uitgawe van Standaard Suid-Afrika, publikasie no. 10181, getitel “Die meting van geraas voortgebring deur padvoertuie wat stilstaande is”, soos van tyd tot tyd gewysig of die ooreenstemmende vervanging daarvan;

“**SANS 10210**” die jongste uitgawe van Standaard Suid-Afrika, publikasie no. 10210, getitel “Berekening en voorspelling van padverkeergeraas”, soos van tyd tot tyd gewysig of die ooreenstemmende vervanging daarvan, soos in SANS 10328 genoem;

“**SANS 10281**” die jongste uitgawe van Standaard Suid-Afrika, publikasie no. 10281, getitel “Enjinspoed (S-waardes), verwysingsgeluidvlakke en toelaatbare geluidvlakke van stilstande padvoertuie”, soos van tyd tot tyd gewysig of die ooreenstemmende vervanging daarvan;

“**SANS 10328**” die jongste uitgawe van Standaard Suid-Afrika, publikasie no. 10328, getitel “Metodes waarvolgens die impak van omgewingsgeraas aangeslaan word”, soos van tyd tot tyd gewysig of die ooreenstemmende vervanging daarvan;

“**SANS 10400**” die jongste uitgawe van Standaard Suid-Afrika, publikasie no. 10400, getitel “Die toepassing van die Nasionale Bouregulasies”, soos van tyd tot tyd gewysig of die ooreenstemmende vervanging daarvan;

“**soner**” grond wat deur ’n soneringskema vir ’n bepaalde sonering opsy gesit word, ongeag of dit uit een of meer grondeenhede of ’n gedeelte van ’n grondeenheid bestaan;

“**soneringskema**” ’n soneringskema soos omskryf in die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985);

“**steurende geraas**” ’n spesifieke en aanhoudende of onderbroke meetbare of berekenbare geraas wat kwantifiseerbaar is en waarvan die betrokke en toepaslike aanslagvlak hoër is as die buitenshuise ekwivalente deurlopende dag/nag-aanslagvlak ($L_{R,dn}$), die buitenshuise ekwivalente deurlopende aanslag bedags ($L_{R,d}$), of die buitenshuise ekwivalente deurlopende aanslagvlak snags ($L_{R,n}$) wat aangegee word as die geskikte aanvaarbare buitenshuise aanslagvlakke vir verskeie distrikte, soos gespesifiseer in SANS 10103: Met dien verstande dat waar dit onprakties is om die buitenshuise ekwivalente deurlopende aanslagvlakke te meet, die binnenshuise ekwivalente deurlopende aanslagvlakke van toepassing sal wees op nie-okkupasie-geraasblootstelling;

“**toerusting**” enige masjien wat brandstof- of kragaangedrewe is, of enige proses wat die energietoevoer na die masjien in ’n ander vorm omskep;

“**verandering**” enige modifikasie van ’n bestaande struktuur, toerusting, pad, treinspoor, grondgebruik, prosedure en handeling wat ’n uitwerking kan hê op die geraasgenerering deur ’n aktiwiteit wat betrekking het op of verband hou met die gebruik van daardie struktuur, die werking van daardie toerusting, die gebruik van daardie pad of treinspoor, of daardie grondgebruik, prosedure of handeling;

“**voertuig**” ’n toestel wat ontwerp of aangepas is om hoofsaaklik op wiele of rusperbande te loop, hetsy selfgedrewe of nie, uitgesonderd so ’n toestel wat uitsluitlik op ’n spoor loop;

“**vrygestelde voertuig**” ’n voertuig in Aanhangsel A van SANS 10281 gelys;

“**WNOB**” die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998) en die regulasies ingevolge daarvan uitgevaardig.

DEEL 1: BESTUUR VAN GERAASBESOEDELING

Verbod op steurende geraas

2. ’n Persoon mag nie ’n steurende geraas veroorsaak, of toelaat dat dit veroorsaak word, deur enige persoon, dier, masjien, toestel, voertuig, ontspanningsvoertuig of apparaat of enige kombinasie daarvan nie.

Verbod op geraasoorlas

3. Waar ’n geraasoorlas veroorsaak word, mag ’n persoon nie—
 - (a) ’n radio, televisiestel, trom, musiekinstrument, klankversterker, luidsprekerstelsel of dergelike toestel wat klank voortbring, reproduseer of versterk gebruik, speel of bespeel, of toelaat dat dit gebruik, gespeel of bespeel word nie;
 - (b) enige artikel te koop aanbied deur te skree, ’n klok te lui of enige ander geluid te maak of voort te bring of deur ’n geskree, die geluid van ’n klok of die maak of voortbrenging van enige ander geluid toe te laat nie;
 - (c) enige dier in sy of haar besit of onder sy of haar beheer toelaat om ’n geraas te maak nie;
 - (d) vuurwerke in ’n woongebied afvuur nie;
 - (e) ’n voertuig, vaartuig, vliegtuig of voorwerp bou, maak, inmeekaarsit, herstel, herbou, modifiseer, gebruik of toets, of toelaat dat dit gebou, gemaak, inmeekaarsit, herstel, herbou, gemodifiseer, gebruik of getoets word in of naby ’n woonsone of op ’n perseel nie;
 - (f) ’n gebou of struktuur oprig, sloop of verander, of toelaat dat dit opgerig, gesloop of verander word indien dit ’n woonsone of perseel raak nie, tensy die plaaslike owerheid wat jurisdiksie het, toestemming verleen dat boubedrywighede uitgevoer mag word binne die tye soos in SANS 10400 vir die beheer van geraas gespesifiseer; indien boubedrywighede buite hierdie tye uitgevoer gaan word, word ’n vrystelling vereis;
 - (g) enige plofstof, vuurwapen of dergelike toestel wat enige geluid voortbring, gebruik of afvuur of toelaat dat dit gebruik of afgevuur word nie, uitgesonderd met die voorafverkreë skriftelike verlof van die plaaslike owerheid wat jurisdiksie het en onderworpe aan die voorwaardes wat die plaaslike owerheid nodig ag, behalwe soos daardie persoon andersins regtens gemagtig is om te gebruik of af te vuur;
 - (h) op grond of in water of in die lugruim bo grond wat vir ontspanningsdoeleindes gebruik word—
 - (i) ’n ontspanningsvoertuig gebruik nie; of
 - (ii) as eienaar of persoon in beheer van die grond, water of lugruim, enige persoon toelaat om ’n ontspanningsvoertuig op daardie grond of in daardie water of lugruim te gebruik nie;
 - (i) uitgesonderd in ’n noodgeval, ’n geluid voortbring of laat voortbring of toelaat dat dit voortgebring word deur middel van ’n klok, kariljon, sirene, hoeter, statiese alarm, fluitjie, luidspreker of dergelike toestel nie;
 - (j) enige masjinerie, kraggereedskap, grassnyer, kragtuingereedskap of dergelike toestel gebruik of toelaat dat so ’n toestel gebruik word in ’n woongebied nie;
 - (k) ’n krat, kis, houer, boumateriaal, vullishouer of enige ander artikel oplaai, aflaai, oopmaak, toemaak of op enige ander manier hanteer, of toelaat dat dit opgelaai, afgelaai, oopgemaak, toegemaak of gehanteer word nie;
 - (l) ’n voertuig op ’n openbare pad bestuur nie; of

- (m) enige kraggereedskap of kragtoerusting wat vir konstruksiedoeleindes of boor- of slopingswerk gebruik word, gebruik of toelaat dat dit gebruik word as dit 'n woongebied affekteer nie, tensy behoorlik gemagtig deur die plaaslike owerheid wat jurisdiksie het, om normale bou- of herstelwerk aan openbare of private eiendom te doen.

Grondgebruik

4. (1) 'n Persoon mag nie—

- (a) enige aktiwiteit wat 'n bron van geraas is, soos genoem in SANS 10328, en enige van die gelyste aktiwiteite waarvoor 'n omgewingsimpakstudie (OIS) ingevolge die WNOB-regulasies vereis word en wat geag word 'n potensiële geraasimpak te hê, onderneem nie, tensy 'n geraasimpakstudie in ooreenstemming met SANS 10328 gedoen is en daar aangetoon is dat die voorgestelde ontwikkeling nie aanleiding sal gee tot 'n aktiwiteit wat die geraasvlak tot bo die buitenshuise ekwivalente deurlopende dag/nag-aanslagvlak ($L_{R,dn}$), die buitenshuise ekwivalente deurlopende aanslagvlak bedags ($L_{R,d}$), en/of die buitenshuise ekwivalente deurlopende aanslagvlak snags ($L_{R,n}$) wat vir elke distrik in Tabel 2 in SANS 10103 gespesifiseer is, sal laat styg nie: Met dien verstande dat die bepaling van hierdie paragraaf nie van toepassing is op die bou of opgradering van paaie wat in subregulasies (e) en (f) behandel word nie;
- (b) enige sone instel nie tensy 'n geraasimpakstudie in ooreenstemming met SANS 10328 gedoen is en daar aangetoon is dat óf die buitenshuise ekwivalente deurlopende dag/nag-aanslagvlak ($L_{R,dn}$), óf die buitenshuise ekwivalente deurlopende aanslagvlak bedags ($L_{R,d}$) of die buitenshuise ekwivalente deurlopende aanslagvlak snags ($L_{R,n}$) wat geskik is vir die betrokke distrik, soos in SANS 10103 gespesifiseer, nie oorskry sal word nie;
- (c) enige gebou bou of oprig of veranderings aan bestaande fasiliteite op 'n perseel aanbring om 'n aktiwiteit te akkommodeer wat nie aan die dominante grondgebruik in die toepaslike soneringskema gespesifiseer, voldoen nie en meer geraassensitief ten opsigte van die grondgebruiksone waarvoor die aktiwiteit ingestel word, is nie, tensy daar bewys is dat die gebou, nadat dit opgerig of verander is, voldoende teen eksterne geraas geïsoleer sal wees sodat die geraasvlakke binne die gebou nie die toepaslike maksimum aanslagvlakke vir binnenshuise omgewingsgeraas in SANS 10103 gespesifiseer, sal oorskry nie: Met dien verstande dat die onus vir verdere meting op die voorsteller of eienaar sal bly rus indien die geraas nie verminder word tot binne die vlakke in SANS 10103 aangegee nie;
- (d) enige gebou bou of oprig of veranderings aan bestaande fasiliteite aanbring om 'n perseel om 'n aktiwiteit te akkommodeer wat meer geraas sal voortbring as dié wat ten opsigte van die dominante grondgebruik in die toepaslike soneringskema gespesifiseer is of 'n steurende geraas sal veroorsaak nie, tensy daar bewys is dat voorkomende maatreëls ten genoë van die plaaslike owerheid wat jurisdiksie oor daardie perseel het, geïmplementeer sal word sodat die perseel, nadat dit opgerig of ontwikkel is of veranderings aangebring is, voldoende teen die transmissie van klank na buite geïsoleer sal wees en óf die buitenshuise ekwivalente deurlopende dag/nag-aanslagvlak ($L_{R,dn}$), die buitenshuise ekwivalente deurlopende aanslagvlak bedags ($L_{R,d}$) en/of die buitenshuise ekwivalente deurlopende aanslagvlak snags ($L_{R,n}$) nie die toepaslike aanslagvlak vir buitenshuise geraas gespesifiseer in SANS 10103 op enige punt op die eiendomsprojeksievlak van die perseel sal oorskry nie: Met dien verstande dat die onus vir verdere maatreëls op die voorsteller of eienaar sal bly rus indien die geraas nie verminder word tot binne die vlakke in SANS 10103 aangegee nie;
- (e) 'n nuwe pad bou of 'n nuwe padreserwe instel indien die pad op enige punt in die betrokke distrik waar die pad geleë gaan wees, gaan veroorsaak dat óf die buitenshuise ekwivalente deurlopende dag/nag-aanslagvlak ($L_{R,dn}$), die buitenshuise ekwivalente deurlopende aanslagvlak bedags ($L_{R,d}$) en/of die buitenshuise ekwivalente deurlopende aanslagvlak snags ($L_{R,n}$) die waardes wat aangegee is vir die distrik se buitenshuise aanslagvlakke, soos volgens SANS 10103 vir die grondgebruiksonering van die distrik bepaal, oorskry nie. Die aanslagvlakke wat vir die nuwe pad voorspel word, moet bepaal word in ooreenstemming met SANS 10210 vir die volle verkeersversadigingsdigtheid waarvoor die padkonfigurasie ontwerp is. Waar die aanslagvlakke wat voorspel word, die aanvaarbare vlakke oorskry, moet geraasbestrydingsprosedures by die aanbou van die pad geïmplementeer word ten einde nakoming van die aanvaarbare aanslagvlakke te verseker; of
- (f) 'n pad herbou, of 'n bestaande pad verander, of die snelheidsperk op 'n pad verhoog binne of op 'n afstand van 1 000 m vanaf grond wat vir woondoeleindes gesoneer is, indien dit 'n toename in die buitenshuise ekwivalente deurlopende dag/nag-aanslagvlak ($L_{R,dn}$), die buitenshuise ekwivalente deurlopende aanslagvlak bedags ($L_{R,d}$), en/of die buitenshuise ekwivalente deurlopende aanslagvlak snags ($L_{R,n}$) sal veroorsaak, gemeet of bereken in ooreenstemming met SANS 10210 vóórdat die herbouing of verandering vir die volle verkeersversadigingsdigtheid waarvoor die pad ontwerp is, geïmplementeer word. Die geraas wat ná die herbouing of verandering voorspel word, moet in ooreenstemming met SANS 10210 bepaal word vir die volle verkeersversadigingsdigtheid waarvoor die padkonfigurasie ontwerp is. Waar die aanslagvlakke wat voorspel word die bestaande aanslagvlakke wat vir maksimum verkeersdigtheid geprojekteer word, oorskry, moet geraasbestrydingsprosedures geïmplementeer word om te verseker dat daar geen toename in die bestaande vlakke sal wees nie.

(2) 'n Plaaslike owerheid kan—

- (a) voordat veranderings aan bestaande fasiliteite of bestaande gebruike van grond of geboue aangebring word of voordat nuwe geboue opgerig word, skriftelik van die eienaar, ontwikkelaar, huurder of okkuperder van die betrokke fasiliteite, grond of geboue vereis dat geraasimpakstudies of -toets ten genoë van daardie plaaslike owerheid uitgevoer moet word en dat daardie eienaar, ontwikkelaar, huurder of okkuperder verslae of sertifikate met betrekking tot die geraasimpak aan die plaaslike owerheid moet voorlê om te bewys dat óf die buitenshuise ekwivalente deurlopende dag/nag-aanslagvlak ($L_{R,dn}$), die buitenshuise ekwivalente deurlopende aanslagvlak bedags ($L_{R,d}$) en die buitenshuise ekwivalente deurlopende aanslagvlak snags ($L_{R,n}$) op enige punt op of buite die eiendomsprojeksievlak van die bestaande fasiliteit, grondgebruik of gebou nie waardes vir die geskikte vlak in SANS 10103 aangegee, sal oorskry nie. Die geraasimpakstudies, indien verlang, moet in ooreenstemming met SANS 10328 uitgevoer word, en die toets, indien vereis, moet in ooreenstemming met SANS 10103 uitgevoer word; of
- (b) indien uitgrawings-, grondverskuiwings-, pomp-, boor-, bou- of slopingswerk of enige dergelike aktiwiteit, kragopwekking of musiek 'n geraasoorlas of 'n steurende geraas veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, skriftelik opdrag gee dat daardie werk, aktiwiteit, kragopwekking of musiek onmiddellik gestaak word totdat die voorwaardes wat die plaaslike owerheid nodig ag, nagekom is.

Motorvoertuie

5. (1) 'n Persoon mag nie 'n voertuig bestuur of toelaat dat dit bestuur word op 'n openbare pad nie indien die geraasvlak, soos gemeet by die meetpunt in ooreenstemming met die prosedure voorgeskryf in SANS 10181 wanneer dit stilstaande is—

- (a) in die geval van 'n nie-vrygestelde voertuig, die stilstaande geraasvlak in SANS 10281 vir daardie tipe voertuig gespesifiseer, oorskry; of

- (b) in die geval van 'n vrygestelde voertuig, die toepaslike verwysingsgeraasvlak in SANS 10281 aangegee, met meer as 5 dBA vir daardie tipe voertuig oorskry.
- (2) 'n Plaaslike owerheid kan, ten einde te bepaal of 'n voertuig wat op enige pad in die regsgebied van daardie plaaslike owerheid gebruik word, insluitende 'n private, provinsiale of nasionale pad wat sy regsgebied kruis, aan die bepalings van hierdie Regulasies voldoen, die eienaar of persoon in beheer van die voertuig opdrag gee—
- (a) om die voertuig tot stilstand te bring of tot stilstand te laat bring; en
- (b) om enige toepaslike inspeksie of toets, na gelang die plaaslike owerheid nodig ag, op die voertuig te laat uitvoer waar dit langs die pad tot stilstand gebring is of op 'n plek, datum en tyd soos skriftelik deur die plaaslike owerheid bepaal.
- (3) 'n Inspeksie ingevolge subregulasie (2)(b) moet gedoen word—
- (a) by of so na as wat uitvoerbaar is aan die plek waar die opdrag om die voertuig tot stilstand te bring, gegee word; en
- (b) binne een uur nadat die voertuig in ooreenstemming met die opdrag van die gemagtigde persoon tot stilstand gebring word.
- (4) Indien die gemagtigde persoon ná 'n visuele inspeksie van die voertuig redelikerwys van mening is dat regulasie 5(1) oortree is, kan hy of sy die bestuurder van die voertuig skriftelik oopdrag gee om die voertuig binne 'n gespesifiseerde tydperk na 'n toetsstasie te neem om geïnspekteer en getoets te word.
- (5) Indien die gemagtigde persoon, nadat 'n geraasvlaktoets gedoen is, tevrede is dat die voertuig—
- (a) nie die toegelate geraasvlakke in regulasie 5(1) omskryf, oorskry nie, moet die gemagtigde persoon 'n sertifikaat aan die bestuurder van die voertuig uitreik wat toon dat die voertuig nie in stryd met regulasie 5(1) bestuur of gebruik word nie;
- (b) die toegelate geraasvlakke in regulasie 5(1) voorgeskryf oorskry, moet die gemagtigde persoon 'n herstelkennisgewing in ooreenstemming met regulasie 5(6) aan die bestuurder van die voertuig uitreik.
- (6) 'n Herstelkennisgewing moet—
- (a) die eienaar van die voertuig opdrag gee om die voertuig binne 'n gespesifiseerde tydperk te laat herstel, en om die voertuig te neem na 'n plek, in die kennisgewing geïdentifiseer, om weer getoets te word voor die verstryking van daardie tydperk; en
- (b) onder meer die volgende inligting bevat:
- (i) die maak, model en registrasienommer van die voertuig;
- (ii) die naam, adres en identiteitsnommer van die bestuurder van die voertuig; en
- (iii) indien die bestuurder nie die eienaar is nie, die naam en adres van die voertuigeienaar.
- (7) 'n Persoon begaan 'n misdryf indien daardie persoon—
- (i) versuim om te voldoen aan die kennisgewing in subregulasie (5)(b) genoem;
- (ii) die verdere toets in subregulasie (6)(a) genoem faal.
- (8) Dit is nie 'n verweer in verrigtinge kragtens subregulasie (5)(b) om te beweer dat die bestuurder van die voertuig versuim het om die herstelkennisgewing onder die eienaar van daardie voertuig se aandag te bring nie.

Musiekfeeste, vertonings, sport- en wedstrydbyeenkomste, insluitende lugvertonings en dergelike gebeurtenisse in die ope lug en feeste, sport- en wedstrydbyeenkomste, insluitende diskoteke, in ingeslote ruimtes

6. (1) 'n Persoon mag nie enige openbare vermaaklikheid in die ope lug, soos, maar nie beperk nie tot, 'n lugvertoning, musiekkonsert, fees, sportgebeurtenis of dergelike gebeurtenis reël nie, behalwe as 'n skriftelike vrystelling ingevolge regulasie 11 deur die plaaslike owerheid wat jurisdiksie het, uitgereik is, waarin die tydperk genoem word waarvoor die vrystelling verleen word asook die voorwaardes van vrystelling ten opsigte van die buitenshuise ekwivalente deurlopende aanslagvlak ($L_{Req,T}$) wat afkomstig is van versterkte klank, soos gemeet op die eiendomsprojeksievlak in ooreenstemming met SANS 10103, wat nie oorskry mag word nie.
- (2) 'n Persoon mag nie in 'n ingeslote ruimte 'n radio, televisiestel, grammofoon, opnametoestel, trom, musiekinstrument, klankversterker of dergelike toestel wat klank voortbring, reproduseer of versterk in 'n openbare plek gebruik of speel of bespeel, of toelaat dat dit gebruik of gespeel of bespeel word indien die ekwivalente deurlopende aanslagvlak ($L_{Req,T}$), gemeet in ooreenstemming met SANS 10103—
- (a) soos gemeet op enige punt wat ononderbroke vir langer as een (1) uur deur 'n lid van die publiek geokkupeer word, 95 dBA oorskry nie; of
- (b) soos gemeet op enige punt wat vir 'n deurlopende tydperk van agt (8) uur of langer deur 'n lid van die publiek geokkupeer word, 85 dBA oorskry nie;
- tensy skriftelike toestemming vóór die gebeurtenis van die plaaslike owerheid wat jurisdiksie het, verkry is.
- (3) Dit is die verantwoordelikheid van die eienaar of persoon in beheer van daardie liggaam om te verseker en te monitor dat die vlakke in subregulasie (2) nagekom word. Rekords van hierdie ondersoek moet op die perseel gehou word en getoon word indien daartoe versoek deur die munisipaliteit wat jurisdiksie het.
- (4) 'n Kennisgewing in die vorm van Aanhangsel 1 moet aangebring word by elke openbare ingang van die perseel waar 'n gebeurtenis in subregulasie (1) genoem, gehou word.

- (5) Indien enige musiek 'n geraasoorlas veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, kan die plaaslike owerheid wat jurisdiksie het skriftelik opdrag gee dat daardie musiek onmiddellik gestaak word totdat daar aan die voorwaardes wat die plaaslike owerheid nodig ag, voldoen is.
- (6) Behoudens die bepalings van subregulasies (2) en (5) en die toepaslike bepalings van enige ander wet, kan die plaaslike owerheid wat jurisdiksie het beslag lê op enige instrument of toerusting wat gebruik word om musiek of versterkte klank te genereer indien die klankvlak van daardie instrument of toerusting die klankvlak genoem in subregulasie (1) oorskry en die skriftelike verlov van genoemde plaaslike owerheid nie verkry is nie.
- (7) 'n Instrument waarop kragtens subregulasie (6) beslag gelê word, moet in veilige bewaring gehou word deur die plaaslike owerheid wat daarop beslag gelê het.
- (8) 'n Plaaslike owerheid kan 'n instrument waarop ingevolge subregulasie (6) beslag gelê is terugbesorg indien die eenaar of persoon in beheer van die instrument aansoek doen om toestemming en dit verkry ingevolge subregulasie (1), of teen betaling van 'n boete ingevolge regulasie 13 van hierdie Regulasies.

DEEL II: ALGEMENE BEPALINGS

Algemene verpligtinge van plaaslike owerheid

7. (1) 'n Plaaslike owerheid moet—
 - (a) vir die toepassing van hierdie Regulasies 'n beampte aanstel wat verantwoordelik sal wees vir die administrasie van hierdie Regulasies binne die regsgebied van die betrokke plaaslike owerheid;
 - (b) toesien dat so 'n beampte ten volle bevoeg is om omgewingsimpakverslae, metings of berekeningsresultate ten opsigte van regulasie 4(1) voorgelê, te beoordeel;
 - (c) toesien dat so 'n beampte ten volle bevoeg is om ondersoeke ten opsigte van klagtes wat in verband staan met regulasie 4(1) en (2), uit te voer;
 - (d) toesien dat so 'n beampte behoorlik en voldoende opgelei is vir die verrigting van sy of haar pligte ten opsigte van paragrawe (a), (b) en (c);
 - (e) indien 'n plaaslike owerheid nie 'n beampte soos in paragraaf (a) beoog, kan aanstel nie, 'n beampte van 'n ander plaaslike owerheid of van die provinsiale regering wat bevoeg is om die pligte van so 'n beampte namens hom te verrig, aanstel;
 - (f) so nie, wanneer nodig, 'n professionele konsultant wat daartoe bevoeg is, aanstel om die pligte van so 'n beampte te vervul.

LET WEL: Hierdie gedeelte moet op die een of ander wyse ingepas word. In die bestaande Engelse teks volg dit nie op die inleidende gedeelte van subartikel (1) nie. Dan moet regulasies 9 en 12(2) ook nagegaan word om te verseker dat die verwysing na regulasie 7(2) of wat ook al korrek is.

'n Beampte en konsultant sal bevoeg gereken word vir die voldoende verrigting van hierdie pligte indien hy of sy—

- (i) 'n kwalifikasie verwerf het wat gelykstaande met 'n senior sertifikaat is, met die wetenskap- en wiskundegeedeelte daarvan met wetslae deurloop, plus drie jaar tersiêre onderrig in die ingenieurs-, natuur- of gesondheidswetenskappe; en
- (ii) 'n sertifikaat in geraasbeheer verwerf het ná voltooiing van 'n erkende kursus in akoestiek aan 'n erkende tersiêre instelling; en
- (iii) minstens drie (3) jaar praktiese ondervinding in akoestiek en geraasbeheer het; en
- (iv) geregistreer is by 'n professionele raad vir die ingenieurs-, natuur- of gesondheidswetenskappe of die beboude omgewing.

- (2) 'n Plaaslike owerheid moet—
 - (a) in geval van 'n klagte van 'n spesifieke gemeenskap of individu oor 'n steurende geraas—
 - (i) 'n beampte magtig en opdrag gee om die klagte te ondersoek;
 - (ii) 'n minlike oplossing probeer bereik deur raadpleging met die klaer en die beweerde oortreder of, waar 'n oplossing nie gevind kan word nie, 'n bestekondersoek in ooreenstemming met SANS 10328 doen na die toestande wat in so 'n gemeenskap bestaan;
 - (iii) indien die uitslag van so 'n bestekondersoek toon dat 'n steurende geraas moontlik 'n skadelike impak op die gemeenskap kan hê, 'n geraasimpakstudie in ooreenstemming met SANS 10328 uitvoer, met die versoek dat duidelike voorstelle van metodes om moontlik so 'n impak reg te stel, voorgelê word, en indien bevind word dat die beweerde oortreder 'n steurende geraas veroorsaak, sal hy of sy aanspreeklik wees vir die koste van die geraasimpakstudie;
 - (iv) in samewerking met alle geaffekteerde en belanghebbende partye alle redelike en praktiese stappe doen om die skadelike impak op die gemeenskap te verlig;
 - (v) indien sulke regstellende metodes nie slaag nie en die geaffekteerde en belanghebbende persone as 'n laaste uitweg alternatiewe grondgebruik voorstel wat minder sensitief vir geraassteuring is, die grense binne daardie gemeenskap bepaal waarbinne die alternatiewe grondgebruik toepaslik sal wees; en
 - (vi) daardie dele van die gemeenskap in samewerking met alle geaffekteerde en belanghebbende partye hersoneer vir ander grondgebruik.
 - (b) in die geval van 'n klagte of klagtes van 'n lid of lede van 'n spesifieke gemeenskap oor 'n geraasoorlas—
 - (i) vereis dat die klagte of klagtes ingedien word by wyse van 'n beëdigde verklaring, met vermelding van—

- (aa) die aard van die klagte;
 - (bb) die herhaling van die oorlas;
 - (cc) wanneer die oorlas die eerste keer gemerk is en die duur daarvan;
 - (dd) die oorsprong van die oorlas; en
 - (ee) die adres en naam van die okkupeerder van die perseel van waar die oorlas afkomstig is, indien dit verkry kan word;
- (ii) 'n beampte opdrag gee om die klagte of klagtes te ondersoek in 'n poging om 'n minlike oplossing te probeer vind deur middel van raadpleging met die klaer en die beweerde oortreder;
- (iii) waar 'n oplossing nie gevind kan word nie,** 'n beampte opdrag gee om die klagte of klagtes vir die volle duur van 'n tipiese voorval van die beweerde geraasoorlas in ooreenstemming met SANS 10103 te ondersoek ten opsigte van die dag/nag-verwysingstydinterval of die verwysingstydinterval bedags of snags;
- (iv) indien die oorskryding ten opsigte van die toekomstige geraasoorlas wat voorspel word die ekwivalente aanslagvlak ($L_{Req,T}$) te bowe gaan met meer as 5dB, soos bepaal in ooreenstemming met die Gemeenskaps- of Groepreaksieaanslag van SANS 10103, wat tot sporadiese klagtes aanleiding kan gee, aanvaar dat 'n geraasoorlas moontlik kan bestaan; en
- (v) oorleg pleeg met die beweerde oortreder en al die geaffekteerde en belanghebbende partye sodat 'n ooreenkoms bereik kan word ter versagting van die klagte of, indien die geraas waaroor gekla word, voortduur, skriftelike opdragte in ooreenstemming met regulasie 8(b) hieronder aan die oortreder uitreik met die oog op moontlike regstellings.

Algemene bevoegdhede van plaaslike owerheid

8. 'n Plaaslike owerheid kan—

- (a) vir die toepassing van hierdie Regulasies te eniger tyd wanneer dit gerieflik is, 'n beampte magtig en opdrag gee om by redelike kennisgewing 'n perseel te betree om enige toepaslike ondersoek, navraag of inspeksie en enige stappe te doen wat die plaaslike owerheid nodig ag;
- (b) indien 'n geraas wat van 'n perseel, voertuig, ontspanningsvoertuig of private area afkomstig is 'n steurende geraas of geraasoorlas is of moontlik kan wees, skriftelik opdrag gee dat—
 - (i) die persoon wat daardie geraas veroorsaak of wat vir die oortreding verantwoordelik is; of
 - (ii) die eienaar, huurder of okkupeerder van daardie perseel, voertuig, ontspanningsvoertuig of private area van waar daardie geraas afkomstig is of moontlik afkomstig kan wees; of
 - (iii) al daardie persone,
 daardie geraas moet staak of moet toesien dat dit gestaak word of stappe vir geskikte regstellings moet doen ten einde die vlak van die geraas binne die tydperk in die opdrag gestipuleer te verminder tot 'n vlak wat voldoen aan die vereistes van hierdie Regulasies: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie ten opsigte van 'n steurende geraas of 'n geraasoorlas wat veroorsaak word deur spoorvoertuie of lugverkeer of, op 'n openbare pad, deur voertuie wat nie as ontspanningsvoertuie gebruik word nie;
- (c) indien die geraas deur 'n dier veroorsaak word, en die eienaar of persoon in beheer van daardie dier versuim om te voldoen aan 'n opdrag in paragraaf (b) genoem, behoudens die toepaslike bepalings van enige ander wet, daardie dier skut of laat skut;
- (d) gepaste voorwaardes wat hy goeddink, oplê wanneer hy enige toestemming of vrystelling ingevolge hierdie Regulasies verleen, insluitende 'n spesifikasie van die tye en dae en die geldigheidsduur van die toestemming of vrystelling wanneer handelings wat geraas kan veroorsaak, toegelaat of verbied word; of
- (e) behoudens die toepaslike bepalings van enige ander wet, meetinstrumente of dergelike toestelle, padverkeerstekens of kennisgewings op enige plek binne sy regsgebied aanbring of laat aanbring vir die toepassing van die bepalings van hierdie Regulasies: Met dien verstande dat padverkeerstekens en kennisgewings slegs met die toestemming van die eienaar op private eiendom aangebring mag word.

Algemene verpligtinge van provinsiale owerheid

9. Vir die toepassing van hierdie Regulasies moet die provinsiale owerheid, waar die plaaslike owerheid beoog om enige aktiwiteit kragtens regulasie 4 te onderneem of die respondent in 'n klagte is, verantwoordelikheid aanvaar vir die verrigting van die pligte ingevolge regulasie 7(1) en **(2) (maak seker dis reg!)** en die uitoefening van die bevoegdhede ingevolge regulasie 8.

Misdrywe

10. 'n Persoon wat —

- (a) versuim om te voldoen aan 'n skriftelike voorwaarde, opdrag, kennisgewing, vereiste of eis wat 'n plaaslike owerheid ingevolge hierdie Regulasies uitreik;
- (b) peuter met die werking van 'n geraasmoniteringstelsel, geraasbeperker, geraasmeetinstrument of akoestiese toestel of met 'n padverkeersteken of kennisgewing wat regstreeks of onregstreeks verband hou met geraas en deur of namens 'n plaaslike owerheid in 'n bepaalde posisie aangebring is;
- (c) vir die toepassing van hierdie Regulasies, ten opsigte van 'n behoorlik gemagtigde werknemer van 'n plaaslike owerheid —
 - (i) onredelik en wederregtelik versuim of weier om daardie werknemer toe te laat om 'n perseel te betree en te inspekteer;

- (ii) versuim of weier om inligting wat regtens van hom of haar vereis word, aan daardie werknemer te gee;
 - (iii) daardie werknemer by die uitvoering van sy of haar pligte hinder of dwarsboom; of
 - (iv) onjuiste of misleidende inligting aan daardie werknemer gee in die wete dat dit onjuis of misleidend is; of
- (d) 'n bepaling van hierdie Regulasies oortree of versuim om daaraan te voldoen,
Is skuldig aan 'n misdryf.

Vrystellings

11. (1) Die bepalings van hierdie Regulasies is nie van toepassing nie, indien die voortbrenging van geluide —
- (a) nodig is om mense teen 'n gevaarlike situasie te waarsku; of
 - (b) tydens 'n noodsituasie voorkom.
- (2) Enige persoon kan by wyse van 'n skriftelike aansoek waarin volle redes verstrekk word, by die betrokke plaaslike owerheid aansoek doen om vrystelling van enige bepaling van hierdie Regulasies.
- (3) 'n Plaaslike owerheid kan, na oorweging van 'n aansoek wat in ooreenstemming met die beginsels van omgewingsbestuur gedoen word ingevolge regulasie 2 van die regulasies kragtens WNOB gemaak —
- (a) skriftelike vrystelling verleen wat voorwaardes bevat ingevolge waarvan en vir die tydperk, hoogstens vir een jaar, waarvoor daardie vrystelling verleen word, insluitende 'n spesifikasie van die tye en dae wanneer handelings wat geraas kan veroorsaak, vrygestel word;
 - (b) enige vrystelling of 'n voorwaarde in 'n vrystelling wysig of kanselleer; of
 - (c) weier om 'n vrystelling te verleen:
- Met dien verstande dat die plaaslike owerheid geaffekteerde partye behoorlik in aanmerking neem. Die aansoeker moet oorleg pleeg met geaffekteerde partye en die inligting aldus verkry aan die plaaslike owerheid verskaf vir oorweging.
- (3) Indien enige voorwaarde van 'n vrystelling nie nagekom word nie, verval die vrystelling onmiddellik.
- (4) 'n Vrystelling moet op die perseel waarvoor dit toegestaan is of in die besit van die houër van die vrystelling gehou word vir inspeksie, op versoek, deur 'n plaaslike owerheid of wetstoepassingsbeampte.

Appèlle

12. (1) Enige persoon wat veronreg voel deur 'n besluit of opdrag ingevolge hierdie regulasies kan teen daardie besluit of opdrag appelleer na die gepaste owerheid soos hieronder uiteengesit.
- (2) Appèl teen die besluit wat 'n plaaslike owerheid ingevolge regulasies 4(2)(a) en (b), 6, 7(2) (**gaan na!**) en 8 geneem het, moet aangeteken word by die hoof van die departement van die plaaslike owerheid wat daardie besluit geneem het.
- (3) Appèl teen 'n besluit wat 'n provinsiale owerheid ingevolge regulasie 9 geneem het, moet aangeteken word by die Minister.
- (4) Die prosedure vir die aantekening van 'n appèl is soos volg:
- (a) Die appellante moet binne tien (10) dae vanaf die datum van die besluit of opdrag waarteen appèl aangeteken word, kennis van voorneme om appèl aan te teken gee aan die owerheid waarby appèl aangeteken gaan word.
 - (b) Die owerheid waarby appèl aangeteken word, moet ontvangs van kennis van appèl erken binne tien (10) dae vanaf ontvangs van die kennisgewing.
 - (c) Die appellante moet binne dertig (30) dae vanaf die datum van kennis van appèl in ooreenstemming met paragraaf (a) hierbo, volle besonderhede verstrekk van die gronde vir sy of haar appèl, tesame met al die dokumentasie wat voorgelê is aan die owerheid wat die besluit geneem het.
 - (d) Waar geaffekteerde en belanghebbende partye betrokke is, moet die appellante die kennisgewing van appèl tesame met die gronde vir appèl —
 - (i) waar die appèl 'teen 'n besluit of opdrag van 'n plaaslike owerheid is, publiseer in 'n nuusblad wat in omloop is in die regsgebied van die plaaslike owerheid wat die besluit geneem of die opdrag uitgereik het; of
 - (ii) in die geval van 'n besluit of opdrag van 'n provinsiale owerheid ingevolge regulasie 9, publiseer in 'n nuusblad wat in omloop is in die regsgebied van die plaaslike owerheid namens wie die besluit geneem is of die opdrag uitgereik is;

en in daardie publikasie aandui waar dié dokumente geïnspekteer kan word.
- (5) Die owerheid waarby appèl aangeteken word, kan —
- (a) 'n bedrag teen die appellante hef voordat die appèl aangehoor word;
 - (b) vereis dat appèl in die formaat moet wees soos voorgeskryf deur die owerheid wat die appèl aanhoor;
 - (c) 'n appèlpaneel aanstel wat bestaan uit onafhanklike persone wat kundiges is om die appèl aan te hoor; of
 - (d) vereis dat enige verslae of aanbevelings ingevolge die prosedures in SANS 10328 uiteengesit, aan 'n hersiener voorgelê word.

- (6) Die besluit van die appèlpaneel is bindend vir die appellant.
- (7) Indien die appèl van die hand gewys word, is die appellant aanspreeklik vir enige koste in verband met die appèl.
- (8) Indien die appèl gehandhaaf word, moet die aansoekgeld wat ingevolge subregulasie (5)(a) gehef is, aan die appellant terugbetaal word.

Strawwe

13. (1) Enige persoon wat skuldig is aan 'n misdryf is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of 'n boete sowel as gevangenisstraf.
- (2) 'n Persoon wat ná strafbaarstelling ingevolge subregulasie (1) hierbo voortgaan om die bepaling hiervan te oortree is strafbaar met —
 - (a) 'n boete van hoogstens R20 000;
 - (b) gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twintig dae; of
 - (c) dié boete sowel as dié gevangenisstraf,vir elke dag waarop daardie oortreding voortduur.

Vrywaring

14. Geen gemagtigde werknemer van die plaaslike owerheid of enige ander persoon wat namens die plaaslike owerheid optree, is aanspreeklik ten opsigte van enigiets wat te goeder trou gedoen word by die uitoefening van 'n bevoegdheid opgedra, of die verrigting van 'n plig opgelê, ingevolge hierdie Regulasies nie.

Toepassing van Regulasies

15. Alle plaaslike owerhede in die Wes-Kaap moet hierdie Regulasies toepas.

Herroeping van Regulasies

16. Die regulasies gepubliseer by Provinsiale Kennisgewing 627 van 1998 (P.K. 5309 van 20 November 1998) word hierby herroep.

Inwerkingtreding

17. Hierdie Regulasies tree in werking op die datum van publikasie in die *Provinsiale Koerant* of op 'n datum wat die Minister spesifiseer.

Aanhangsel 1

Die waarskuwingskennisgewing in regulasie 6(4) genoem moet nie kleiner wees nie as 30 × 20 cm met 'n minimum lettergrootte van 48 en moet aangebring word binne drie maande vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Regulasies. Die waarskuwingskennisgewing moet die volgende bewoording hê:

Waarskuwing

HOË GERAASVLAKKE HIERBINNE

LANGDURIGE BLOOTSTELLING KAN DIE GEHOOR BESKADIG

